



## NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

**Saakgelastigde: Mnr SJK Pretorius**

De Langestraat 5  
BELLVILLE  
7530

Privaatsak X8  
BELLVILLE  
7535

**PBO: 9300 13251**

021 957 7104  
ngkadmin@kaapkerk.co.za  
www.kaapkerkadmin.co.za

23 Februarie 2022

### **AAN: Skriba's, Kassiere, Saakgelastigdes van gemeentes**

Beste Kollegas

Hiermee so 'n paar belangrike sake. Dit sal goed wees as die voorsitter van julle finansies diensgroep/bediening/kommissie en die predikant(e) ook 'n afskrif van hierdie skrywe kry. Dankie by voorbaat.

#### **1. DANKIE !**

Baie dankie aan al die gemeentes wat maandeliks getrou hulle sinodale aandeel betaal en ook die nodige bewyse betyds aan my stuur. Dit help regtig baie.

#### **2. FINANSIËLE JAAREINDE – 28 FEBRUARIE 2022**

Probeer asseblief om die gemeente se volle sinodale aandeel teen Vrydag 25 Februarie 2022 skoon te betaal. Dit spaar beide die gemeente en die sinodale kantoor baie moeite as ons nie met “verskuldigde” of “vorderbare” gelde oor die jaareinde hoef te sukkel nie.

Soos u reeds weet, het die Sinode gedurende 2016, ter wille van die groot besparing met bankkoste, na Nedbank geskuif. Graag versoek ons weer dat alle betalings na die **Nedbank** rekening gedoen moet word:

**Nedbank**, Rekeningnommer **1135 988 471**, Takkode **198 765**.



#### **3. SKOON BETALING**

Betaal asseblief ook die sinodale aandeel ten volle oor. Indien 'n gemeente nalaat om R3,00 te betaal, word dit 'n bedrag wat deur beide die gemeente en die sinodale kantoor “hanteer” moet word. Dit jaag die oudittyd op, want state en die werklike betalings moet gerekonsilieer word. Dit kos uiteindelik 'n klomp moeite om die klein bedraggie af te handel.

Maak dus asseblief baie seker van die presiese uitstaande balans en betaal dit asseblief volledig. Skakel my by **021 957 7111** of stuur 'n e-pos aan my ([finadmin@kaapkerk.co.za](mailto:finadmin@kaapkerk.co.za)) indien u onseker is wat die presiese uitstaande bedrag is.

#### **4. FINANSIËLE JAARAFSLUITING**

Volgens **Reglement 3: 9.8.2** (Wes-Kaap 2015) moet gemeentes se geouditeerde finansiële state voor **31 Mei** by die sinodale kantoor wees. Hierdie jaar is daar egter uitstel gegee tot en met **1 Augustus 2022**. Beplan asseblief nou reeds saam met julle ouditeur om die state so vroeg moontlik af te handel. Onthou ook: Die rekenkundige rekords (finansiële state) moet deur 'n **IRBA geregistreerde ouditeur** geudit word (**Reglement 20A: 2.5.2**, bladsy 129).

**GROOT ASSEMBLIEF:** Maak asseblief ook seker dat die geouditeerde finansiële state die getal belydende- en dooplidmate aantoon soos op 28 Februarie 2022. Hierdie syfers **moet** ooreenstem met die getal wat u invul op die Vorm vir Kerklike Statistiek. Die Vorm vir Kerklike Statistiek is soos die vorige jare op die webwerf (<https://www.kaapkerkadmin.co.za/>) onder “Vorms” beskikbaar. Skribas moet dit direk op die webwerf voltooi.

### 5. SINODALE AANDEEL VIR 2023

Gemeentes se sinodale aandeel vir die volgende finansiële jaar (1 Maart 2022 tot 28 Februarie 2023) is reeds in **Desember 2021** aan elke gemeente deurgegee. Kontak my gerus as jy dit iewers verlê het.



### 6. WEBBLAD – kaapkerkadmin.co.za

Al die nuutste vorms (vir deuroffers) en inligtingstukke (medies, pensioen, salarisse) is op die sinodale kantoor se webblad te kry. Klik op <https://www.kaapkerkadmin.co.za/> en dan of “Deuroffers” of “Acta” (vir die Kerkorde of Sinodale Notules) of “Kerkkantoor” (vir al die omsendbriewe). Die webblad maak oop op die “Kerkkantoor” bladsy.

### 7. DEUROFFERS

Slegs “geakkrediteerde deuroffers” (met ander woorde deuroffers soos gelys op die **2022 deuroffervorm**) moet aan die sinodale kantoor gestuur word. Deuroffers wat vir gemeente-eie of ander instansies opgeneem word, moet direk aan die betrokke instansie betaal word. Die deuroffervorms is onder “Deuroffers” op <https://www.kaapkerkadmin.co.za/> beskikbaar. Vergewis u self deeglik van die deuroffervorm sodat u weet watter deuroffers wel na die sinode oorbetal kan word.

Die volgende skakel neem u direk na die deuroffer blad:

<https://kaapkerkadmin.co.za/deuroffers/>.

Die volledige lys van deuroffers en inligting oor elke deuroffer is hier te kry. Besoek dit asseblief gereeld, want die inligting word gereeld vernuwe. Benewens dokumente wat maklik gekopieër kan word, bevat die webblad ook skakels na die verskillende instansies se webblaaie, PowerPoint-aanbiedinge en hier en daar selfs ’n video. Klik op die blou skakels op die webblad. Sien voorbeeld hier regs.

Indien dit nie moontlik is om elke week soveel inligting in die gemeente se aankondigings/nuusbriëf te plaas nie, is dit ’n goeie idee om minstens die webskakel gereeld in die gemeente se aankondigings / nuusbriëf te plaas met die strekking: “Kry volle besonderhede van [Instansie se naam] op <https://kaapkerkadmin.co.za/deuroffers/>”



**1.5 NID – Nasionale Instituut vir die Doves:**  
 Inligting is beskikbaar in:  
 PowerPoint (2MB) of Word of PDF (4 MB)  
 NID se Vra-briëf aan gemeentes. 2019 se briëf  
 Addisionele inligting oor die NID: [Addisioneel](#)  
 Skakel na die webblad ([www.nid.org.za](http://www.nid.org.za)): [NID](#)

### 8. VERWYSING BY INBETALINGS

En vir oulaas moet ek net weer vra vir die regte verwysing by inbetalings:

- Gebruik asseblief die gemeente se **regte naam** (soos in die Jaarboek). “Moederkerk” kan omtrent tien verskillende gemeentes wees! Net so is “Oos-” of “Wes-” gemeente nie vir ons so duidelik soos dit dalk vir u klink nie asook nie afkortings vir gemeente name nie ...
- Moet asseblief nie die verwysing **“sinodale aandeel”** of **“deuroffer”** by die **“Begunstigde”** / *Beneficiary* gebruik nie. Dan weet ons nie watter gemeente se sinodale aandeel dit is nie. Gebruik die gemeente se sinodale aandeel verwysingsnommer. Dit is die verwysingsnommer wat met ’n “EB” begin.
- Maak veral seker dat **die korrekte EB-verwysingsnommer** gebruik word. Die korrekte EB-nommer van jul betrokke gemeente is bo-aan die aangehegde staat.
- Faks of e-pos die **“deuroffervorm”** wanneer die betaling gedoen word. **Die Sinode ondervind nog gereeld probleme met fakse. Indien u kan e-pos, sal ons dit verwelkom.** Maak seker dat die deuroffervorm

volledig voltooi is. Die vorm is op ons webblad by Deuroffers te kry:

<https://www.kaapkerkadmin.co.za/deuroffers/>

- Ons kry soms net 'n bedrag en word versoek om self die offers te verdeel. Ongelukkig kan ons dit nie so doen nie. Hierdie deuroffers moet ooreenstem met dit wat in die gemeente se finansiële state staan.
- Indien u die betaling vooruit geskeduleer het, stuur asseblief solank die vorm deur.

Baie dankie vir almal se samewerking.

Vriendelike groete

***Danelle Jordaan***

**finadmin@kaapkerk.co.za**

**021 957 7111**